

# HABARI 2015

Newsletter of the Friends of East Africa
Nuusbrief van die Oos-Afrika Vriendekomitee



Landbouers, Van Riebeeck Skool, 1956



The Ngong hills from Nairobi in the early 1900s

**Binne / Inside:**

**2** **General info**
**3** **Deceased**
**4** **Article from Lowveldmedia**
**5** **Van Suid-Afrika na Kenia in 1949. In 1961 terug na Suid-Afrika –** ***Rina Scholtemeijer***
**16** **Bridget's Letter – Kitale School going forward**
**17** **From:** ***The Birth of a City*** **– A photo essay on the history of Nairobi**
**18** **Returned to Sender / Terug aan Sender**

**Kenya Get-together**
Saturday 3 October 2015
at the recreation area of the Voortrekker Monument
*See you there!*
**Kenia Saamtrek**
Saterdag 3 Oktober 2015
Voortrekkermonument se ontspanningsterrein /
*Ons sien mekaar daar!*
*Lees die Redakteursbrief vir nadere aanwysings*
*Read the Editor's letter for more specific instructions*

Please send us your e-mail address if you prefer to get the Habari in electronic format.

## EDITOR'S LETTER / REDAKTEURSBRIEF

Beste Oos-Afrikaners

Baie dankie vir elkeen wat 'n berig of bydrae of kortnuus gestuur het.

*Please keep sending articles and photographs. We gladly use everything we get.*

Ons kom weer by die Voortrekkermonument byeen: Na deur die hek is, draai regs en hou reguit aan. Die kuier-plek is net ná die Monument, die oop saal op linkerkant.

*We meet again at the Voortrekker Monument. After the gate, turn right, past the Monument on the left, and you'll find the open hall just after that, also on the left.*

**TOEGANGSTARIEWE NA DIE VOORTREKKERMONUMENT**
Die toegang tot die terrein is R60 vir volwassenes, R35 vir kinders 2 – 18 en R30 per kind vir skool-groepe. Vriende van die Monument, m.a.w. houers van 'n Vriendekaartjie, word nie hierdeur geraak nie, maar passasiers wat saam met die Vriend die terrein betree, sal toegang betaal.

Donations are always welcome and helpful. U kan in die volgende rekening deponeer: Oos-Afrika Vriendekomitee / Friends of East Africa Committee Acc no/Rek no 080602405 Absa Hercules. Die tak-kode vir alle Absa takke is dieselfde 632 005 is the code for all Absa branches.

**East Africa Friends Committee**
**Oos-Afrika Vriendekomitee**

Danie Steyn (Chairman/Voorsitter) 012 664 5349
Posbus 17074, Lyttelton, 0140.
Mobile: 083 2716 378
danie@agriskills.net
danie@mweb.co.za

Eddie de Waal (Editor/Redakteur, HABARI) 628 Keerom Street, DASPOORT 0082
**Cell**: 0766049177
**e-mail:** eldugar@gmail.com

Krige van Heerden
Pieter Pieterse
Dorie Boshoff
Elsie Cloete
Janssen Davies
Jan Boshoff
Piet Prinsloo
Isabel Prinsloo
Rina Helberg

**PLEASE send us your e-mail address**
**Stuur ASSEBLIEF u e-pos adres**
The cost of postage is going up ... and our postal service is going down. To counter this, we have started issuing the Habari via e-mail. It works well – it is fast, you can see all the colour there actually is, you can enlarge it on the PC screen, and you can share it easily.

**OORLEDE / DECEASED**

Baie dankie aan Rina Helberg wat die volgende lys van oorledenes saamgestel het.

Laat ons asseblief weet as ons enige name uitgelaat het wat nog nie gepubliseer is in vorige Habari's nie.

Die name is alfabeties gerangskik, volgens van.

*Many thanks to Rina Helberg who compiled the list below.*

*Please let us know of any names of deceased that have not yet been published in a Habari before.*

*The names are in alphabetical order, according to sur-name.*

**Blanché** J S *Vaalpark* 2001
**Botha** Ken *Melmoth* 2001
**De Waal** Anna (geb Venter) *Pretoria* 29 Mei 2015
**Engelbrecht** Koos Nelspruit 2015
**Le Roux** Cielie *Kokanje* 2014
**Luies** Koba *Witbank* Sept 2014
**Pieterse** Beta - 2015
**Pöhl** Harry Grabouw September 2015
**Smit** Izak *Springs* Januarie 2014 (broer van ds Fanie Smit)
**Smit** Jan-Jan *PE* Januarie 2014 (broer van ds Fanie Smit)
**Steenkamp** Tommie 2007
**Swanepoel** Burkie *Tanganyika* 1997
**Swanepoel** Hannetjie (geb de Jager) 2012
**Van Heerden** Joey George 2014
**Van Rensburg** Hester 4 Maart 2015
**Venter** Rina *Newcastle* 8 Januarie 2015
**Von Landsberg** Marie (egg van Oom John) 2014
**Wessels** Lilly *Levubu* 2013
**Wessels** Nellie *Pyramid* Nov 2013

**Sarie Smit het op 07 Oktober 2014 geskryf:**

Alhoewel ek nie self van Kenia af kom nie, was die Habari vir my interessant omdat my man so lief was vir Kenia. Ek sou dit steeds graag wou ontvang indien moontlik.

My man was Izak Petrus Albertus Smit bebore 11 September 1941 en hy is vanjaar op 8 Januarie oorlede na 'n siekbed van 'n paar dae. Hy het 2 broers en een suster gehad. Sy suster is Betty. Sy 2 broers is Fanie (bekend weens die aanbied van sy musiekprogram op Sondae oggende op radio RSG) en dan Jan-Jan was 13 maande jonger as sy broer (my man) en hy is ook Januarie vanjaar oorlede – 13 dae na my man! Jan het 'n jarelange stryd teen kanker gevoer. Hulle is albei op dieselfde oggend – 6 Januarie in intensief opgeneem - Izak in Pretoria en Jan in Port Elizabeth en soos reeds gese albei Januarie oorlede. Ek verskaf graag enige inligting wat u benodig - laat weet asseblief.

## *KRIGE VAN HEERDEN skryf:*

Jammer van die tragiese nuus oor oom Harry Pohl se pragtige kleindogter se onverwagte afsterwe.

In my matriekjaar in 1977 aan die HJS (Hoër Jongenskool), Paarl of Paarl Boishaai soos meer algemeen in die spreektaal na verwys word, was ons bevoorreg om 2x Kenia gebore skoliere in dieselfde matriekklas te hê, nl. myself en Tommie Kruger (sy ma was Teresa Kruger). Hierdie ontdekking het ons eers gemaak toe die Predikant van die ou geskiedkundige Strooidakkerk in die Paarl ('n ds S Marais) al ons katkisante vir aanneming in die NG Kerk se doopseëls aanvra.

Omdat ek en Tommie se doopseëls na die Vergenoeg Gemeente in Eldoret verwys het, is daar toe deur die Predikant spesiaal daarna tydens die erediens verwys tydens ons aannemingsessie in die kerk. Beide van ons was toe reeds vier jaar saam vanaf Std 6 in dieselfde klas op skool, saam aan verskeie sportsoorte deelgeneem, maar salig onbewus van ons gesamentlike herkoms uit die verlede. Sedertdien het ons baie hegter vriende geword as voorheen op skool en is tot vandag toe steeds, veral vanweë ons Kenia verbintenis.

Tannie Teresa Kruger het op Grabouw met appels & pere geboer. Ek was tydens my studies op Stellenbosch aan die begin 1980s 'n paar keer saam met Tommie op hul plaas. Hier het ek toe óók dan gereeld vir oom Harry Pöhl raak geloop, wat op van die buurplase geboer het.

Ander tragiese nuus aan ons kant was dat tannie Joey van Heerden (my oom Hennie van Eldoret) van George op Sondagoggend 23 Nov 2014 skielik aan 'n beroerte oorlede is. Haar begrafnisdiens was op Vr. 28 Nov in George gehou.

Friday December 19, 2014 NUUS

Erkenning vir berig aan LowveldMedia

# Jong vrou sterf op haar oupa se 90ste verjaardag

KOMATIPOORT - Die familie van mnr. Harry Pöhl het op 19 November van heinde en ver op die plaas Vergenoeg, waar Nols en Carolina Becker woon, vir die viering van sy 90ste verjaardag en 'n lekker familiekuier saamgetrek.

Die naweek was lankal beplan vir dié groot mylpaal in Oupa Harry se lewe. Al vyf sy dogters met hul gesinne, en byna al die kleinkinders was daar.

Vrydagaand was daar groot opgewondenheid en die vreugdevure het hoog gebrand. Dit was 'n blye weersiens van geliefdes en daar is tot die vroeë oggendure gesels.

Die bittereinders, waaronder me. Beanell Viljoen (30), het eers sowat 02:30 in hul tente gaan nesskop.

Saterdagoggend het daar egter 'n donker wolk van hartseer en rou oor dieselfde plaas gehang.

Die familie het vroegdag 'n entjie langs die wildtuin gaan ry, en sommiges het gaan draf. By hul terugkeer moes hulle die skokkende, hartverskeurende nuus verneem dat Beanell, mnr. Pöhl se kleindogter, nie wakker geword het nie, en tragies in haar slaap in haar tentjie oorlede is.

'n Nadoodse ondersoek het getoon dat sy aan 'n hartaanval gesterf het. Daar is ook vasgestel dat sy sowat 03:00 daardie oggend reeds beswyk het, kort nadat sy gaan slaap het.

Die familie wat sterk in hul geloof staan, het te midde van die hartseer en pyn, moedig voortgegaan met die doel waarvoor hulle bymekaar gekom het. Een van mnr. Pöhl se dogters, Beatrice, en agterkleinkind Dian het ook op die donker Saterdag verjaar.

Harry en Beat Pohl het in 1962 hul vaderland, Kenia, met ses dogters verlaat en hulle in Suid-Afrika kom vestig waar hy eers geboer en later sy eie besigheid begin het.

Een van sy dogters het kort na hul aankoms in die land, op drie maande oue ouderdom gesterf.


Sewentien kleinkinders is hier in Suid-Afrika gebore, 16 agterkleinkinders en een agteragterkleinkind.

In 1998 het hulle Komatipoort toe getrek. Hy geniet nog goeie gesondheid en saam met sy vrou Beat, wat op 13 Junie 80 geword het, is hulle positief en vol moed vir die toekoms.

Hulle is nog aktief betrokke in die gemeenskap en tot groot vermaak van sy kinders, gaan hulle gereeld op uitstappies saam met die "oumense", soos hy self sê.

Beanell Viljoen is op 21 November, vanuit die NG Kerk in Brits begrawe waar die familie weer vergader het, hierdie keer by 'n oop graf, om vir ewig van haar afskeid te neem.

Die familie het gesê dat haar vriendelike en opgeruimde geaardheid altyd in hul harte sal voortleef.



Oupa Harry Pöhl, 90 jaar oud, saam met sy pragtige kleindogter Beanell Viljoen (30) wat tydens 'n familiesaamtrek vir sy verjaardag aan 'n hartaanval dood is.

Follow us
@LowveldMedia

**Van Suid-Afrika na Kenia in 1949. In 1961 terug na Suid-Afrika**

Deur Rina Scholtemeijer (née Botha) *Oud-Van Riebeeckskool-matrikulant en Dopper van die Skeurvallei*

**In 1949 vertrek ek, toe 9 jaar oud was, saam met die res van ons Botha-gesin Kenia toe – pa Gideon, ma Nakkie en sussie Annette (5 jaar oud).**



**Ek en Annette by die Chev**

Ons het die pad Kenia toe gevat met die bruin Chevrolet en ʼn sleepwa. Ons vier het nie geweet wat in die toekoms lê nie, maar die Here het ons bewaar en gelei na ʼn nuwe toekoms. Dit was wonderlike jare tot die “Winde van verandering” al hoe meer ʼn werklikheid geword het. (Die wind is nog steeds aan die waai!)

Gelukkig vir my en Annette was daar nie nog ʼn boetie of ʼn sussie om agter in die kar te ry nie. Want saam met pakkerasies was die plek maar min. Ons was amper alleen op die pad van Pretoria, Warmbad, Nylstroom, Naboomspruit, Pietersburg, Louis Trichardt, Messina, Beitbrug, Salisbury, Bulawayo, Lusaka, Victoriavalle, Livingstone, Mbeya, Meru, Arusha, Kilimanjaro, Nairobi, Naivasha en uiteindelik Kinangop-Suid.
Tussen Lusaka en Mbeya was daar elke ±10 myl wit paaltjies. Dit was ons tydverdryf om te kyk wie die volgende paaltjie eerste sien. Op ʼn stadium het Annette ons pa gevra om stil te hou. Hy wou weet hoekom. “Ek kan vinniger loop as wat Pappie ry!” Nie dat ons Pa ooit stadig gery het nie!

Ek onthou baie bome langs die pad en ongelooflike mooi en goed bewerkte plase. Grondpaaie is in sekere dele “geskraap” deur groot takke daaroor te sleep. Elke paar honderd myl was daar ʼn groot sinkgebou in die pad waardeur die motor eers moes ry om oral gespuit te word vir tsetsevlieë en muskiete. Daar het ons die eerste Swahili-woorde gehoor.

Van Nairobi ry ʼn mens met ʼn teerpad wat deur Italiaanse krygsgevangenis gebou is. Teen die bergpas het hulle die allermooiste kerkie gebou; waarin al die jare wat ons daar was altyd ‘n kers gebrand het. Hulle het ook vir baie mense die allermooiste meubels gemaak. Ek onthou nog tant Malie en oom Ben se mooi eetkamerstel met sy ronde blad en middelblaaie wat kon draai. Hulle nalatenskap van paaie, tonnels, bergpasse, ens. is nog oral in Afrika te sien, al is dit al baie verniel en nie onderhou nie.


In Naivasha was daar ʼn poskantoor, polisiestasie, klein winkeltjies, die Naivasha-hotel, waar baie vergaderings gehou is – selfs met Jomo Kenyatta. Die hoofpad deur die dorp is geteer tot by Nakuru. Verder was daar net stofpaaie – lekker vassit as dit reën al het die mense kettings om die wiele gesit.

Daarna is ons deur die Skeurvallei met sy Naivashameer. Ons het later uitgevind dat daar op die eiland in die meer ʼn plaas was waar daar met Jerseys geboer is. So het ons ʼn koei gekoop, wat met ʼn bootjie na die land geroei is.

Mooi groot koorsbome, gras en die Longonot-vulkaan. Ons ry met die berg op en bly altyd bewus van die Skeurvallei. Kinangop-Suid is geleë op ʼn plato met diep klowe met helder water en forelle. (Daar word so gedoente gemaak van forel vang – ons het sommer met ʼn lyn, ʼn goue speld en ʼn erdwurm forel gevang). Na

die ooste lê die Aberdare-bergreeks. Op 'n helderblou oggend kon ons na die ooste Kenia-berg se bopunt sien en na die weste Kilimanjaro. Daar waar jy vêr kon kyk.

Vandag nog as ek Laurika Rauch se liedjie, *Sê groete aan Mannetjies Roux,* hoor, dan sien ek die plaas van oom Lang Hendrik en tant Hannetjie van Rensburg. Groot pruimboord wit en pienk in die blom en 'n ou trekker met sy ysterwiele wat daar staan.


Hier is ek (links) en my kamermaat aan die studeer in ons koshuiskamer


Vandaar af volg ons baie twee-spoorpaadjies tussen gras en koringlande deur. Langs die pad kry ons 'n swartman en my pa vra of hy dalk weet waar Bwana Manie of Japie bly. Toe my pa sy hoed afhaal – hy was kaalkop – het die swartman dadelik geweet waar Bwana Manie bly. So het ons na 'n paar dae en 'n lang pad op Kinangop uitgekom by tant Ellie (my pa se suster), oom Japie Welmans en hul kinders Johan, Ria, Herman, Pieter en Salomé.

Maklik was dit nie. Ons vier met al ons besittings in een kamer. Tot vandag toe haat ek en Annette kraaie se geskree! As ek nou terugdink – en dis ver – dan is daar baie "goeters" wat 'n blywende indruk op 'n kind maak.

Dit sou drie jaar neem voordat ons in Suid-Afrika sou gaan kuier. Toe was ons reeds lankal Keniane met ons eie koringplaas en huis op Kinangop-Suid. Die gekuier Aprilmaande in Suid-Afrika was maar vervelig en dit was wonderlik wanneer ons twee-uur die oggend uit Pretoria die pad gevat het Kenia toe, terug huis toe, selfs koshuis en skool! Ons het dit altyd Augustusmaand geniet see toe: Mombasa, Malindi.

**Skool toe!**


Ons was skaars in Kenia toe is ek en Annette koshuis en skool toe. Van PAM Brink Skool wat in Springs net om die hoek van ons huis was, na 'n koshuis toe in Oljororok. Die geboue bestaan uit 'n stoor wat al die meisies huisves, 'n huis vir die personeel, wat ook 'n kombuis en eetkamer was, en nog 'n stoor vir die seuns. En rooi grond!


Die Skoolgeboue

Wat 'n skeiding. Ons was nog nooit sonder ons ouers nie; altyd ons vier wat orals saam gegaan het. Skielik saam met 'n klomp vreemde kinders! Boonop mak ons nie naweke huis toe gaan nie, net vakansietye.

Ons ouers moes ons eie beddens saambring. Annette was te kort om oor die bed te sien. Gevolglik moet ek elke oggend twee beddens opmaak, twee koppe kam en twee lyfies aantrek. (Lank gevat om betyds klaar te wees!)

Die skoolgebou was oorkant 'n spruitjie, wat altyd geloop het. In die reëntyd was dit baie nat, in die droë tyd 'n bietjie minder nat. Trap nou 'n graspol mis, dan is jou waterskoene vol water – daar sit jy die hele skooltyd met nat voete en wit sokkies wat



Hier is ek tweede van links voor saam met my klasmaats

rooi gevlek is van die modder, en loopneuse! Dan weer terug koshuis (stoor) toe vir middagete.

So het ek en Annette een middag, die eerste week wat ons daar was, van middagete tot aandete by die tafel gesit om die wit gekookte rape te eet. Uit desperaatheid probeer ons later die rape in ons monde hou, sodat dit lyk of ons dit geëet het. Maar dit het nie gewerk nie, want die koshuistannie het ons gedwing om ons monde oop te maak. Gevolglik moes ons aan die tafel bly sit terwyl van die ander huiswerk doen.


Net voor aandete het mej. Freund ons jammer gekry en toegelaat om die spul uit te spoeg. Ons het dit nooit weer in ons borde gekry nie ... ek dink daar was van die ander wat ook maar bly was dat die twee Bothatjies dit nie kon sluk nie.

Die enigste onderwysers wat ek van die skooltjie kan onthou, is mej. Freund, oom Chris en tant By (in 1998 het ons die Pretorius'e wat saam met hulle gestudeer het ontmoet). Die ander onderwysers en koshuispersoneel van daardie eerste jaar kan ek glad nie onthou nie.

Die geskiedenis van die skool word in die *1957 Drommedaris*, die jaarboek van die Van Riebeeckskool Kenia, beskryf van 1947 – 1957. In die *Drommedaris 1960* word die lewensloop van die skool weer beskryf.

Dit is byna ongelooflik dat so 'n handjievol onderwysers 'n klompie kinders soveel kon leer. Ons was so 101 kinders. Later jare het die getal gegroei tot 155. Toe ons in 1950 by die nuwe skool intrek, was meeste van die kinders op toer in Suid-Afrika om geld in te samel vir die nuwe skool. Die paar van ons wat oor was, is sommer met die koshuisgoed op 'n oop vragmotor gelaai en op Thompson's Falls by die meisiekoshuis, wat so te sê

ONDER: Prefekte, Van Riebeeck Skool, 1956
Voor (l.n.r.): W Bouwer, M van Deventer, P Jacobs (hoofseun), **ek Rina Botha** (hoofdogter), H Fouche
Agter (l.n.r.): P Kruger, D Breytenbach, L von Landsberg



klaar was, afgelaai. Die dwarsgang na die hoof se woonstel en die kinders se badkamer was die skeiding tussen meisies en seuns se slaapkamers. Tussenin was daar ook nog ʼn eetkamer, klaskamers en die onderwysers se kamers. Wat ʼn blydskap toe die eetsaal, kombuis, musiekkamers en ontspanningsaal klaar was! Die seunskoshuis is laaste klaar gebou.

Die was- en strykkamer was ʼn entjie van die koshuis af. Daar is toe nog gestryk met sulke groot ysters waarin warm kole gegooi is. Menige een het ʼn brandwond opgedoen.



Kooroefening



BO: Eerste Rugbyspan, Van Riebeeck Skool, 1956
ONDER: Netbalspan: Koedoes en Tommies, Van Riebeeck Skool,



Op die foto's is al die onderwysers en kinders altyd netjies. (Al het jy ook jou springjurk onder die matras op ʼn handdoek gesit en daarop geslaap! Dan was daar partykeer duidelike vierkante van die gebreide velle van die bed op die springjurk afgedruk.)

Die dae wat ons Engels moes praat was die skool en koshuise onnatuurlik stil. Dit is later maar afgeskaf.

Baie aande het ons geoefen om stil te wees en waar om weg te kruip indien daar ʼn Mau-Mau-aanval sou wees. Niemand mag ʼn geluid maak nie. Die De Wet-tweeling was gereeld soek. Dan kry ons hulle in die bed, want "hulle is moeg".


In 1956 slaag drie matrieks: Ek, Johan van der Westhuizen en Jan Viljoen. Ons het ons eindeksamen in die NG Kerk-konsistorie geskryf. Gelukkig en dankie tog vir die onderwysers wat uitgehou, aangehou het en ons deur gekry het: mnr. Ferreira, mnr. Jan Maarschalk, mnr. de Vos, mej. Pretorius (later Maarschalk), mnr Jacques Loots.




**Die koshuis se eetsaal**




**Boksspan, Van Riebeeck Skool, 1956**



**Atletiekspan, Van Riebeeck Skool, 1956**



**BO: Leerlinge en personeel, Van Riebeeck Skool, 1957**



**BO: Leerlinge voor die nuwe klas, Van Riebeeck Skool, Thompson's Falls, Kenia, 1960**

Met enkele uitsondering was al die kinders op 'n manier van mekaar familie: Van Dyk, Van der Westhuizen, Dry, De Wet, Kemp. Van Kinangop het daar ook 'n klomp gekom wat almal Doppers (Gereformeerd) was en NG groot geword het, almal familie:

Dit was altyd lekker om by oom Gideon van Rensburg se ma, tant Alie, te gaan kuier want sy het 'n kamer vol boeke gehad wat jy deur mag lees. Daar het ek geleer om te spoedlees, wat my later in my loopbaan baie gehelp het.

| | |
|---|---|
| Gideon en Nakkie Botha | Rina en Annette |
| Hans en Chrissie Botha | Cecilia en Petro |
| Japie en Ellie Welmans | Johan, Ria, Herman, Pieter, Salome |
| Herklaas en Lida Venter | Annamarie, Elsabe, Frederik, Babie |
| Manie Botha | Later getroud met 'n weduwee, Elsie Welman<br>Het gesê hy was slimmer as sy broers en susters – hy was dadelik pa, oupa en oupagrootjie |
| Petrus Venter | Later getroud met 'n meisie wat in Kenia gebore is |
| Frans en Hettie du Toit | Elize en nog 2 of 3 dogters |
| Botha en Anne Enslin | May, Nic, Mara-Ann, Botha |
| Lang Hendrik en Hannetjie van Rensburg | Kotie, Jannie, Cornelius |
| Kort Hendrik en Baby van Rensburg | Rina (Rens), Willie, Lida |
| Gideon en Sannie van Rensburg | Willie, Gideon, Hannetjie, Sannetjie, en nog kinders |




**Kerkgeskiedenis**

Die Van Rensburgs was NG-lidmate. Dit het aan niemand enige verskil gemaak nie. Al die kleintjies is in een kar gelaai en Kinangop toe gebring vakansietye. Almal koringboere.

Ds. Hoffie Louw het altyd by al die Doppers ook huisbesoek gedoen. Almal het saam gekerk, baie by ons huis. Dit is baie waardeer, want predikante was maar skaars en almal het ver uitmekaar gebly.

Daar was 'n gemeente op Eldoret en hulle nuwe kerkgebou is al in 1932 ingewy. Na jare van nou-en-dan 'n besoekende predikant word proponent A. L. Aucamp op versoek van die broeders in Bethal bevestig as predikant, omdat baie van hulle daarvandaan na Kenia verhuis het. Na 24 jaar het Kenia 'n predikant. Hy het by oom Stoffel en tant Nannie Roets en hul seun, Hansie, gebly. Teen die einde van 1933 is die Afrikaanse Bybel in gebruik geneem. Hy het gesorg dat elke gesin en katkisasie kind 'n Afrikaanse Bybel gekry het. In 1936 is hy getroud met Prof. V E d'Assonville se suster.

Toe ons in Kenia gekom het, was ds. Louis Buys ons predikant. Sy vrou is in 1949 oorlede met die geboorte van hul seun Gert. (In 2013 het ek Gert en sy vrou in Naboomspruit van alle plekke ontmoet).

Op 19 Augustus 1950 word die gemeente Skeurvallei


gestig. Ons het nie ŉ kerkgebou gehad nie, maar die gemeentelede het dadelik ŉ boufonds gestig. Na ds. Louis Buys se vertrek was die predikante weer baie wisselvallig. Besoeke is ontvang van onder andere proff. Willie Snyman en Fanus du Toit, dss. Pasch, Rule, Venter, ens. Die laaste predikant was ds. Paul Opperman (hy is later getroud met Maggie Bekker, Johan Bekker se suster).

Tussendeur het ds. Hoffie maar die spulletjie op die regte pad probeer hou. Tot ons ŉ dominee kry wat daarop staan ons klompie deur ŉ Gereformeerde ouderling katkisasie moet kry. Ek was toe in Standerd 9. Sondag na Sondag het ons op die galery van die NG-kerk gesit, terwyl al die ander in die kerk klas het. Annette, Anna-Mari, Elsabe, Salome, ens. wag Sondag na Sondag vir die oom wat moet kom. Annette en ons niggies was van 6 tot 8 jaar jonger as ek, weeskinders op die galery. Dit was nog vroeg in die jaar, toe is ek die dinges in en vra die ander of hulle ook saam met hulle maats wil katkisasie hê. Daarna het almal dit geniet.

Ek was in Standerd 9 en 10 in ds. Hoffie se klas. Gevolglik wou ons dominee my nie aanneem nie en is ek eers in my eerste jaar op Puk gekatkiseer. Nou ja, dit was water wat in die see geloop het. Die proffies en ander predikant was verbaas, want ons het tot ons *oudag* Doppers gebly. Hier en daar afwykings, maar nie verlore nie.



Kerkraad Gereformeerde Kerk Skeurvallei 1958
Voor: Oudl Botha Enslin, Ds A L Aucamp (op besoek), **my pa oudl Gideon Botha**
Agter: Diakens Louis van Dyk, Herclaas Venter, Stoffel Kruger



Kerkraad Gereformeerde Kerk Eldoret 1958
Voor: Piet Botha, Johannes Geyser, Ds A L Aucamp (op besoek), Stoffel Roets,
Manie Engelbrecht, Faantjie Engelbrecht

Een voordeel van die galery-sittery was dat ons mooi kon sien hoe die Colobus-ape in die bome speel!

Die laaste predikant van die twee gemeentes, Eldoret en Skeurvallei, het 1 Januarie 1962 vertrek. Die stryd was



**Klassis Translimpopo te Naivasha** (huis van Botha Enslin) **in gemeente Skeurvallei, einde Junie 1958**
**Voor:** Herclaas Venter (Skeurvallei), D J Meintjies (Bulawayo), Stoffel Kruger (Skeurvallei), J Welmann (Salisbury), br van Eck (Salisbury), Jannie Enslin (Eldoret)
**Tweede ry:** Botha Enslin (Skeurvallei), Ds J J Venter (N'kana), Ds W J Maritz (Salisbury), Ds A L Aucamp (Burgersdorp), Ds H J Kruger (Bulawayo), Ds G H Buys (Lusaka), Stoffel Roets (Eldoret), Gideon Botha (Skeurvallei)
**Agter:** J Geyser (Eldoret), Piet Botha (Eldoret), Jan Enslin (Eldoret), Manie Engelbrecht (Eldoret), Faantjie Engelbrecht (Eldoret), James Wheeler (Eldoret), Andries Prinsloo (Eldoret), Louis van Dyk (Skeurvallei)

verby. Die laaste twee lidmate, oom Stoffel en tant Nonnie Roets, oorhandig die kerk se sleutels aan die nuwe eienaars op 16 Februarie 1964, waarna hulle ook na Suid-Afrika verhuis.

### Feesdae


Deur die jare is al die Suid-Afrikaanse feesdae gevier waarvan die skool groot ondersteuners was. Kore is afgerig, ook om in die kerk te sing. Gelukkig was daar 'n hele paar kunstige onderwyseresse wat die koor afgerig het en musiek en sanglesse gegee het. Kultuur en sport is ook beoefen: volkspele, rugby, tennis, hokkie. Ons was deel van die groep skoolkinders wat volkspele gedoen het vir Prinses Elizabeth en Prins Phillip van Brittanje by die Nairobi Royal Show. Voor ons het Indiërmeisies gedans en na ons 'n komp Masai'tjies. Ek het nou die teelepel wat ons gekry het om die geleentheid te herdenk.

Afrikaner feeste is altyd gevier: Van Riebeeckfees in April, Krugerdag op 10 Oktober, en 'n langnaweek is gemaak van Geloftedag op 16 Desember.

**Uit die program van 14 – 16 Desember 1955**:
*14 Desember: Laer trek, die aand 'n opvoering van "Piet se tante"*
*15 Desember: Sport, volkspele, prysuitdeling, finansiële verslae, aand "Slagtersnek"*
*16 Desember: Geloftefeesdiens onder leiding van Ds. Loots van die NG Kerk, Eldoret*
*Feesrede, koorsang, slotdiens deur Ds. Mans van die Hervormde Kerk.*


In 1960 het ek in my vierde jaar vir twee weke by die Van Riebeeckskool, Thompson's Falls, waar ek van Standerd 3 tot matriek 'n skoolkind was, gaan proef. Die pragtige klaskamers en mooi terrein was

Ds Opperman (middel voor) saam met die manne van Eldoret en Skeurvallei wat in 1960 alreeds min geword het




waarvan ons vroeër jare nog gedroom het.

**Terug Suid-Afrika toe**
Ongelukkig het die “Winde van Verandering” al hoe sterker begin waai. In die loop van 1960 het ook die skool die winde beleef. Mnr. en mev. Ferreira, mnr. Kotze en mej. van Deventer verlaat die skool. 1961 kom met baie omwentelinge. My suster, Annette, voltooi haar matriekjaar na Gimmies in Potchefstroom en aan die einde van 1961 keer ons ouers ook terug na Suid-Afrika.



Oom Stoffel Roets vertel die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Eldoret aan die nuwe eienaars (Africa Inland Mission) van die kerkgebou, 16 Februarie 1964

En so het ons in Tzaneen beland. Dit was ’n groot aanpassing van die uitgestrekte koringlande na tamaties en mango’s. Op 15 Desember het ons pa ons in Potchefstroom kom haal. Waar ons altyd van 14 tot 17 Desember die Geloftefees op Olkalou bygewoon het, was ons nou op pad na ’n onbekende omgewing.



Volkspelegroep, Van Riebeeck Skool, 1956

Kersdag was ’n baie hartseer en alleendag vir ons vier. Ons het mekaar vasgehou en gehuil (die jellie wou boonop ook



Die laaste predikant van die Gereformeerde Kerke in Kenia, Ds PJ Opperman (middel voor), saam met medegelowiges uit verskillende gemeentes in Midde-Afrika. Hier is my pa tweede van regs voor en my ma middel agter.

nie stol nie!). Ons het geweet wat was, maar wat vorentoe?

Annette is na Merensky Hoërskool en ek het ’n pos by die nuwe Hoërskool Ben Vorster gekry. Ons het elke dag saam met ander kinders in die skoolbus na die twee skole gery.


Daar was ook ander Keniane in Tzaneen wat oor-en-weer gekuier het, soos oom Bill Retief en sy gesin, oom Rudolf de Wet en die Van Stadens. Die ander kan ek nie onthou nie.

In 1960 tot 1961 het die mense van Kinangop en Naivasha uitmekaar gespat en in Tzaneen, Brakpan, Warmbad (Radium), Irene en Ermelo gaan vestig.

Die kringloop word voltooi toe dr. B.R. Kruger, uit wie se gemeente in Springs ons in 1949 na Kenia getrek het, my en my man, Jan Scholtemeijer, in 1965 in Tzaneen in die huwelik, bevestig. Dit was ook die laaste keer wat al die Kinangopers weer bymekaar was. Elke gesin het daarna hul eie koers in die lewe ingeslaan.

So het ’n bekende leefwyse tot ’n einde gekom en ’n ander begin.

Gelukkig kan niemand dit wat ons beleef het van ons wegneem nie. Selfs nie die “Winde van Verandering” nie, al is party van ons al redelik gevorderd in jare. Ten spyte daarvan dat ons uit midde-Afrika kom het al die Afrikaanse taal suiwer gebly en baie het diep spore in die samelewing in




Van Riebeeck Skool was ’n kerkskool, oop vir alle denominasies met onderrig gebaseer op die Cambridge School Certificate en SA Matriek standaard

Suid-Afrika getrap. Daarin kan ons net die Heer se groot genade sien. Met die leuse van Van Riebeeckskool “Staan dan Vas”. So kan daar boeke en boeke volgeskryf word van onthou! Maar met die jare kom daar ander onthou en verlang in ’n mens se lewe!

**Bronne:**

1. *The Van Riebeeck School of Kenya*
2. *Drommedaris*, Van Riebeeckskool, 1956
3. *Drommedaris*, Van Riebeeckskool, 1956
4. *Drommerdaris*, Van Riebeeckskool, 1960
5. Prof. V E d’Assenville, *Kerk op die Wit Hooglande*
6. Geloftefees 14 – 16 Desember 1955 Program
7. Eie onthou



# Kitale School, 2015 going forward

P O Box 1113
HILTON
3245
KZN South Africa

waltonrb@global.co.za

22 March 2015

Dear Everybody

Yesterday was 'hand over' day to a younger, more than competent and enthusiastic Kitaleite who is willing to take over and who, I know, will do a far better job than I was ever able to because he has the skills, both in regard to computer literacy and photography. So you are left in very good hands with a Bwana Kijana taking over. Aiden (Doyle) and I have been communicating for exactly a year and yesterday he and Lesley came for lunch and I was able to hand over formally, promising assistance where this is needed, especially in regard to the possible next Reunion.

Aiden and Lesley lived in Johannesburg until a year ago when Lesley's job took them to England. They live in Bournemouth. Aiden is retired and so has the time and the enthusiasm to carry the alumni forward. I would imagine that it makes sense for the next reunion to be held in England, which is where most on the Database live. We would look for a venue similar to the two we have been spoilt with thus far – the Nicholson's lovely home in Beauworthy, Devon and thereafter through Anthony Denton the school where he worked in Chichester.

I do recommend that we continue with the weekend reunions since, this makes for greater comfort for those travelling distances. However, all is for Aiden and his lovely wife, Lesley, to decide.

Because I am still working and have an amazingly busy schedule this year as well as in 2014, I feel I have let everyone down somewhat and for this I apologise. My punishment is that I have also heard from very few of you. Please do keep in touch with Memsahib Mzee and if any of you visit South Africa please call in and say Jambo – even ask for a bed for the night. However, in regard to Kitale School habari for the Newsletter (and I am sure Aiden will send one out soon) please contact Aiden at:

aidendoyle@gmail.com give him a warm welcome and look forward to receiving a Newsletter that exceeds anything your amateur predecessor was able to produce. For myself, I am excited about the future of the Kitale School Alumni. Please join me in giving Aiden a warm welcome and an assurance of our support as he takes on the reins.

From me it's not, I hope, a complete Kwaheri although I become the one that was.

Thank you all for your support and interest shown since we started in our journey in 1999.


Sincerely

*Bridget*/ alias Mamsahib kali / Mamsehib Mzee.

**Source of Nairobi images and text on pages 17 and 18:** http://www.theeagora.com/birth-city-photo-essay-history-nairobi/


This source, in its turn, acknowlegdes Nigel Pavitt's book **Kenya: A Country in the Making, 1880-1940** (pictured directly below), as a source, stating that much of the information and many of the photos used in this post were obtained from it, and calling it “a wonderful collection of Kenya's history and definitely a collectors item”.

`Kenya: A Country in the Making, 1880-1940: Nigel Pavitt: 9780393067774: Amazon.com: Books`




## *From:* The Birth of a City – A photo essay on the history of Nairobi

**The Indian bazaar in Nairobi pictured around the late 1890s.**





In 1902 bubonic plague broke out due to rats which had bred in the filth that accumulated in a small area of the bazaar. Nearly 20 deaths had been reported when Dr. Alfred Spurrier a government medical officer, ordered that the street be burned down.

Dr. Rozendo Ribiero who made his rounds on a zebra was the doctor who diagnosed bubonic plague in the bazaar after having witnessed a previous outbreak in India.

**(Biashara street) in 1906.** The bazaar was then moved to its present site (Biashara street) and the shops rebuilt with proper planning.





**Government road (now Moi Avenue ) in the direction of the railway station (1900’s)**







**The first Stanley hotel opened on Victoria Street.** It was the brainchild of **Mrs. Mayence Bent**, a dressmaker who named it after the explorer Henry Morton Stanley. The hotel was burnt down in 1905 in the Victoria Street fire. It was later moved to a new location and re-named the New Stanley.

Mrs. Mayence Bent later on sold the New Stanley to **Abraham Block** on the 29th November 1946 for two million shillings (100,000 pounds) and lived on to 98 years.






UHURU GREETINGS POSTCARD




To mark the date of KENYA'S UHURU 12th December, 1963 this greeting card is sent to you.

*From*

..............................................................

***H A R A M B E E !***

**RETURNED TO SENDER**
**TERUG AAN SENDER**

**Barnard** Fanie *George*
**Botes** Fanie *Elsburg*
**Classen** WC *Centurion*
**Eyssel** Pauline *Cindapark*
**Ferreira** Raechal *Bethlehem*
**Germeshuisen** Pieter & Gerrie *Paardekraal*
**Louw** Joan *Lynnwoodweg*
**McDonald** Willem *Meyerspark*
**Morton** William & Koekie *Orkney*
**Muller** Willy *Makopane*
**Steenkamp** T P *Swartruggens*
**Steyn** Rina *Warmbad*
**Van der** Westhuizen Lettie *Posbus OT Lughawe*
**Van Rensburg** Neels & Chrissie *Warmbad*
**Van Rensburg** Piet & Maritha *Nelspruit*
**Van Staden** Christine *Pyramid*
**Van Wyk** Henning *Shulton Park*
**Vorster** Irene *Pinetown*